## OOR BOEKE

**Jansie van der Walt: JOHANNES CALVYN. Calvyn-Jubileumboekefonds.** Prys R12,50.

Die skryfster het met hierdie omvangryke boek 'n groot taak aangepak, naamlik om 'n diepteblik te gee op die lewe en werk van Calvyn — oftewel Jean Cauvin, later bekend as Johannes Calvyn. Om dit te kon doen, moes sy baie navorsing doen, nie net in verband met Calvyn se lewe nie maar ook oor die tyd waarin hy sy belangrike werk gedoen het. Nie net histories nie maar ook kerklik en selfs literêr het Jansie van der Walt dus teruggeloop na die sestiende eeu.

Die werk beslaan 'n oorsig oor Calvyn se lewe, vanaf sy elfde jaar toe hy in die kerk aangeneem is, tot kort voor sy dood in 1564. Die 59 kort hoofstukke, elk met 'n gepaste opskrif, is vervat in vyf dele, waarvan die laaste die kortste is. In sekere sin staan deel I teenoor die volgende vier: nie net omdat dit Calvyn se kinder- en jeugjare oproep teenoor die ander dele waarin hy volwasse is nie, maar ook vanweë die aanbieding. Hier is episodes geselekteer, soms nogal bedag, ter wille daarvan om 'n breë blik te gee op die politieke en veral kerklike toestande van die tyd. Die seun Jean is meestal toeskouer of toehoorder by gesprekke. Tog word sy ondersoekende natuur hier reeds belig. Die ontwikkeling van kerkvaste Katoliek na 'n jongman wat alle bande met die kerk verbreek, word oortuigend gehanteer. In deel II word Calvyn se soeke na aanvaarding en 'n geskikte werk en werkplek geteken totdat hy aanvaar dat hy sal moet preek. Dele III tot V toon samehang in dié sin dat Calvyn verder optree as prediker, dosent en skrywer van talle belangrike geskrifte.

Die werk word chronologies aangebied, en omdat dit soveel jare omspan en biografies so getrou moontlik aan die historiese figuur wil bly, is 'n uitdieping van karakter nie moontlik nie. Die alwetende verteller wat steeds naby Calvyn bly, tipeer hom as sieklike, skerpsinnige mens wat hom eers in die teologie en dan in die regte bekwaam, wat sy geliefde Frankryk later finaal moet agterlaat vanweë toenemende haat teenoor hom en in Genéve moet woon en werk. Sy neiging om ongeduldig te wees, vinnig kwaad te word, word so eerlik belig as sy skugterheid en die ondersoekende aard van sy intellektuele gees. Uitvoerige verwysings na gesprekke oor die godsdiens en na sy werk onder gemeentelede, sy psalmberyming en ander geskrifte, word gebalanseer deur 'n stemmingsvolle beskrywing van die natuur hier en daar. Ook meer persoonlike belewenis van liefde vir sy vrou, die weduwee Idelette de Bure (met wie hy baie onromanties trou op vriende se aandrang!) en verdriet oor die egpaar se babaseuntjie wat sterf, verlig beskrywings van

diepsinnige gesprekke.

Die biografiese aard van die werk verhoed 'n té genuanseerde karakterisering. 'n Mens dink tog byvoorbeeld aan *Die groot Gryse* van Anna M. Louw, waar dieselfde probleem van 'n historiese figuur wat oor baie jare voorgestel word, opgelos is deur die ou Paul Kruger sentraal te hou as terug-belewer. In so 'n werk is daar dan 'n sterker samebindende element.

'n Verdienste is die wyse waarop die sestiende-eeuse mens voorgestel word; die verguising van nuwe insigte, die agtervolging en dikwels verbranding van sogenaamde ketters. Die skryfster bring daardeur die idee tuis van 'n tyd vol onbegrip en menslike swakhede, maar meer: die insig ontwikkel by die leser dat die menslike natuur deur die eeue in werklikheid nie veel verander het nie.

Taalgebruik is oor die algemeen goed, hoewel sonder literêre pretensie. Atmosfeer word soms gevoelig geteken en herinner 'n keer selfs aan 'n sonnet van Kloos: "Toe hy by die deur kom, begin 'n voëltjie in een van die stutte kweel maar bly opeens weer stil, asof dit nog te vroeg is om die dag wakker te maak" (15). Verwysings na godsdienstige sienings, heersende omstandighede en politieke onrus geskied veral deur middel van gesprekke, wat boeiender is as wat blote beskrywing sou gewees het. 'n Anglisisme, "Wat is nuus", word 'n paar keer hinderlik gebruik; Germanisties klink "die man was" (93) en "trots die kleinheid" (285). Onaanvaarbare foutiewe woordgebruik kom voor in die sin: "So iets soos drie Persone in Een is 'n *wangedrog*, 'n *monstruositeit*" (315; my kursivering). Onbedagte woordherhaling verswak die effek van die volgende sinne: Verbranding "sou verskriklik wees"./ "Verskriklik ja, want in die volgende week verneem hulle dat nog drie martelare hierdie verskriklike dood in Lyon gesterf het" (391).

Bostaande aanhaling wys op nog 'n element in die werk wat soms hinderlik is: die verteller is nie onbevooroordeeld nie maar kies so duidelik kant dat dit nie aan die leer oorgelaat word om self 'n opinie te vorm nie.

Illustrasies in die boek is nie besonder treffend nie, maar sluit in gees aan by die vervloë eeu waaroor dit gaan.

Dis myns insiens foutief om die boek as "'n Jeugroman" voor te stel. Min jongmense sal so 'n werk lees; dis veel eerder 'n volwassene met belangstelling in die tyd van die kerkhervorming en in Calvyn as sodanig wat dié werk ter hand sal neem.

'n Mens is dankbaar dat so 'n werk tot stand gekom het — 'n indrukwekkende werk veral wat betref die breë opset en die insae wat dit gee in 'n onstuimige tyd van geestelike veranderinge toe al meer mense, soos Van Wyk Louw dit gestel het, "in 'n nuwe sleutel begin droom" het.

*Elsabe Steenberg*
Departement Afrikaans-Nederlands

**Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Deel IV. Hoofredakteur: C.J. Beyers. Uitgegee vir die RGN deur Butterworth & Kie (S.A.,) (Edms) Bpk., Posbus 792, Durban, 4000.**
Prys R27,50.

Die pasverskene deel IV an die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek is 'n welkome aanvulling by die eerste drie dele, wat onderskeidelik in 1968, 1972 en 1977 verskyn het. Die werk staan steeds onder die hoofredakteurskap van dr. C.J. Beyers, wat in 1973 die taak oorgeneem het by wyle prof. D.W. Krüger. Dié is op sy beurt voorafgegaan deur wyle dr. W.J. de Kock.

Met die verskyning van die jongste deel omvat die werk nou biografieë van altesaam 3 400 persone, wat volgens die oordeel van die redaksie al die belangwekkende figure van vóór die twintigste eeu insluit. Ten opsigte van latere figure is insluiting beperk tot dié wat min of meer tien jaar of langer voor die verskyning van 'n deel oorlede is. Vir deel IV is dié grens op 1970 gestel.

Persone oor die hele spektrum van die Suid-Afrikaanse geskiedenis word in die werk ingesluit. Alhoewel 'n groot deel van die klem uiteraard op politieke en militêre persoonlikhede val, is die dekking nie eensydig nie. Onder die persone op ander gebiede wat in deel IV aan die beurt kom, is byvoorbeeld die mynmagnaat Ernest Oppenheimer, die geoloog William Molyneux, die sirkuseienaar Pagel en die skryfster Hester D.M. van Heerden ("Tannie van die Brandwag"). In deel I het selfs die bekende avonturier en perdedief Scotty Smith 'n plekkie gevind! (Onder die lys van medewerkers merk mens nie eintlik die name van Swart- of Bruinmense op nie, maar in die artikels self is in deel IV byvoorbeeld mense soos die Sotho-stamhoof Magoeba, die Hottentotkaptein Schaher, die Koranna Klaas Pofadder en die Suidwester !Noresib Manasse.)

'n Belangrike beleidsbesluit is reeds voor die verskyning van die eerste deel

geneem, naamlik om nie te poog om die totale werk òf alfabeties volgens vanne òf kronologies saam te stel nie, maar om die biografieë soos hulle gereed kom, in verskillende dele te publiseer en om vanaf die tweede deel 'n kumulatiewe indeks by te voeg. Die gevolg is dat aan die einde van deel IV 'n volledige indeks op al vier die dele tot dusver verskyn. So 'n stelsel het natuurlik sy nadele, soos dat 'n gebruiker telkens die indeks moet gebruik om by 'n biografie uit te kom, asook dat verskillende lede van dieselfde familie versprei in verskillende dele voorkom (S.J.P. Kruger byvoorbeeld in deel I en sy vader C.J.H. Kruger eers in deel IV). Die besware word egter totaal oorwoeker deur die voordeel dat die verskyning van 'n deel nie afhanklik is van die spoed waarteen die stadigste medewerker werk nie, en dat daar vanaf deel I reeds 'n goed bruikbare biografiese naslaanbron bestaan.

Soos sy voorgangers is deel IV die werk van meer as vierhonderd medewerkers, waarvan die name en poste voorin vermeld word. Slegs in uitsonderlike gevalle is artikels nie onderteken nie.

Natuurlik sal dit maklik wees om feitelike foute te vind as mens hard genoeg probeer. Maar dié sal reggestel word. Voor in deel IV verskyn byvoorbeeld reeds 'n reeks byvoegings en verbeterings by deel III. Ander besware is van mindere aard. Miskien sou portrette van die meer bekende persoonlikhede die aantreklikheid van die werk verhoog het, en sou voorname in die plek van voorletters in die indeks nuttiger gewees het. Maar dan kan weer as pluspunt aangestip word die kort bronnelyste vir verdere leeswerk aan die einde van elke artikel.

Deel IV van die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek bevestig finaal die uniekheid en onontbeerlikheid van hierdie naslaanwerk vir Suid-Afrika. Dis iets om op trots te wees, en staan nie agteruit vir soortgelyke werke elders in die wêreld nie.

*T. Larney*
Ferdinand Postma-Biblioteek